

Liturgiese Riglyne

SONDAGGEND 9:00

“Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe”

Skriflesing: 2 Kor 8,9

Teksvers: 2 Kor 9:7, 15

Sing:

Ps 107-1:1,10

Lied 169:1,2,3

Ps 25-1:2

Ps 68-1:9

Lied 525:1

Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Nicolene Wattel
Klank: Hein Kaiser
Prediker: Ds Gerrit Kruger

God se genade aan ons gemeente is onbeskryflik groot. God seën ons om alles in oorfloed te mag hê. 2 Kor 8:7 *“Maar soos julle in alles oorvloedig is—in geloof en woord en kennis en alle ywer en in julle liefde vir ons—sorg dat julle ook in hierdie liefdedaad oorvloedig is.”* Die genade om te gee is 'n gawe van God. God se onuitspreeklike gawe aan ons was Jesus Christus wat self God is, wat alles besit, alles in die hemel en op aarde, Hy het twv ons arm geword, alles prysgegee om op aarde te betaal met sy liggaam en bloed. Paulus gee nie 'n opdrag v8 dat ons dankoffers moet gee nie. God verwag nie van iemand om te gee wat hy nie het nie. God verwag net dankbaarheid van ons. **2 Kor 9:7** *“Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.”* Mag ons nooit as gemeente ophou om God te dank nie. Mag ons nooit ophou om as gemeente uit te deel aan ander gelowiges, ander gemeentes, ander mense nie. Mag ons met blymoedigheid deel wat God aan ons toevertrou.

SONDAGAAND 18:00

Die Groot Verrassing!

Skriflesing: Maleagi 1:1-5
Romeine 9:10-18
I Kor 3:9-23

Teksvers: Maleagi 1:2,3
DL: 1: 12-15

Sing:

Sb 2-2:1,2,3

Ps 6:1,2,8

Ps 32:2,4

Sb 3-3:1-6

Sb 13-3

Orrelis: Maricus le Grange
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Thinus Smuts
Prediker: Ds Maarten van Helden

So graag teken ons God net as liefde. Dit is die waarheid. Skriftuurlike waarheid. Dit is ook net 'n deel van die waarheid! God is ook verskriklike toorn as dit by sonde kom! Die Here vertoorn Hom so geweldig oor die sonde dat Hy die sondaar met die volle vloek van die sonde straf – die ewige dood in die poel van vuur en swael.

In die algemene prentjie van mense oor God pas hierdie gedagtes dikwels glad nie in nie. Vir baie moet Hy die “liewe Jesus” met die sagte oë wees. Johannes op Patmos sien Hom egter as die verheerlikte God, groot en heilig: Sy oë vlam soos vuur en sy voete is van gloeiende koper waarmee Hy die goddeloses sal vertrap! God is 'n wreker (Nahum 1:2) van die nasies en Hy laat sekeres in hulle sonde bly terwyl Hy sommige in sy groot barmhartigheid uitred – ja, soos deur vuur heen!

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 44 Nr 07 24 Februarie 2019

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Gewete

Wie het nie al geworstel in sy hart?
Moeg gewroeg en hartseer?
Die gewete wat jou agtervolg!
Die onsigbare oog wat jou vervolg!

Gewete is goed as jy reg doen,
maar is hard op jou as jy verkeerd doen.
Vanuit die hart die daad,
of dit reg of verkeerd is.

Gewete volg jou soos 'n skaduwee.
Dit is die onsigbare oog wat jou dophou.
Getuie op jou voetspoor...
Dit kyk of jy nie ontspoor.

My gewete soek na kennis en vertroue.
Waar het ek verbrou?
Watter plek het ek gebou?
Met die gewete word gevra na goed en kwaad.

Die gewete in God is om saam te weet.,
geanker om nie gewetenloos te wees.
God moet my bewaar van gewetenloosheid,
Om nie te handel in liefdeloosheid.

In die gewete word gegroei na God's beeld.
Wanneer sal ek dit bereik?
Wie sal bepaal die rus is finaal klaar?
Net God weet, gelooft sy God!

Dr Kobus Erasmus (Predikant van die Gereformeerde kerk Volksrust)

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614 Basdenlaan 226
Faks: 012 664 0004 Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za 0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Sarel van Wyk Alethea: Cassie vd Walt
Diaken: Martin van Rooyen

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 6, Ps 134:4

Volgende week: Hersiening Les 1-6, Sb 10-2:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

NOTA'S TOV 2018

1. Dankoffers is by verre ons grootste bron van inkomste. Ons het afgesluit met 'n surplus van R363 000. Wel het hierdie bedrag enkele groot bedrae ingesluit.
2. Deurkollekte het pragtig gestyg en gerieflik bo begroting geëindig.
3. Ons inkomste uit selfoonverskaffers het onder begroting geëindig vir twee redes, Telkom betaal maandeliks en nie jaarliks vooruit, soos aanvanklik deur hul agente aan ons meege-deel is nie en MTN ondervind heelwat probleme met al die goedkeurings wat hulle moet kry vir die oprigting van hul toering.
4. Opsommend het ons begroot vir 'n tekort en uiteindelik 'n surplus behaal, 'n swaai dus van ruim R300 000. Dit was al voorsien toe ons verlede jaar gesprekke gehad het oor die herstel van die orrel. Die Kerkraad kon gevolglik hierdie herstel goedkeur.
5. Personeelkoste het gemiddeld met 5,1% gestyg. Die traktemente van Ds Maarten en Ds Gerrit is nou weer gelyk omdat hul omstandighede ook baie dieselfde is. Die verhoging van die salarisse van die salaristrekkers was ietwat hoër.
6. Ramings bly 'n bron van kommer en styg jaarliks met meer as inflasie. Die grootste rede hiervoor is om die emeriti se pensioene vir diens voor 1994 te kan betaal.
7. Die Finansiële kommissie het sy begroting oorskry nadat 'n aftreebedeling geskep is vir al die permanente personeel in ons diens.
8. Oorspandering by administrasie was weens die internet komponent van die telefoonrekening. Dit is vir die verbetering van die uitsendings van die eredienste.
9. Onder die bedieningskommissie sorteer ook die dankoffers van die Engelse bediening (ook hier was 'n groot eenmalige bedrag). Hierdie bydraes word as 'n negatiewe uitgawe geregistreer wat dus in 'n negatiewe waarde vir die jaar geëindig het.
10. Instandhouding was heelwat hoër as waarvoor begroot was. Dit is egter bitter moeilik om vir instandhouding te begroot. Baie van die uitgawes kan eenvoudig nie voorsien word nie.
11. Twee items het hier 'n rol gespeel. Ons het groter uitgawes aangegaan vir die elektroniese bediening vir die uitsending van die eredienste en het ook meer betaal vir steun aan studente.
12. Alhoewel ons begroot het vir 'n tekort van R263 000, het ons uiteindelik met 'n surplus van R37 000 afgesluit. Die grootste bydrae vir hierdie omswaai was die dankoffers, ons grootste bron van inkomste.

Nota: Die oorskrydings soos genoem in items 7-11 was almal deur die Kerkraad goedgekeur.

Nie ingesluit in hierdie syfers is die wins wat deur die verkoop van eenhede by die aftree-oord gerealiseer het. Die uiteindelige wins vir 2018 rakende die aftree-oord was R561 000, nadat heelwat opgradering en herstelwerk gedoen is. Ja, daar sal in die toekoms weer 'n winsdeling vanaf Monumentsig aftree-oord wees, maar hierdie toevallings is totaal onvoorspelbaar. Die instandhouding van die erediens, dus die hele begroting, behoort befonds te word uit dankoffers en ander gereelde inkomstes. Vandaar hierdie werkswyse

ONS KAN DUS MET GROOT DANKBAARHEID TEENOR ONS HEMELSE VADER RAPPOORTEER DAT DIE FINANSIES VAN HIERDIE GEMEENTE GESOND IS

Vir navrae kan u Gerrit Beumer kontak by gerrit@uniplug.co.za of 082 572 5235

**FINANSIËLE VERSLAG VAN DIE KERKRAAD AAN DIE GEMEENTE
SOOS OP 31 DESEMBER 2018**

INKOMSTE					
ITEM	2018		AFWYKING	NOTA	2019
	WERKLIK	BEGROOT			BEGROOT
Dankoffers	R 5 402 601	R 5 040 000	7.2%	1	R 5 310 000
Deurkollekties	R 144 298	R 102 000	41.5%	2	R 140 000
Ander	R 267 367	R 333 000	-19.7%	3	R 350 000
TOTAAL	R 5 814 266	R 5 475 000	6.2%	4	R 5 800 000
UITGAWES					
ITEM	WERKLIK	BEGROOT	AFWYKING	NOTA	BEGROOT
Personeelkoste	R 3 448 342	R 3 436 150	-0.4%	5	R 3 625 270
Ramings	R 994 456	R 994 900	0.0%	6	R 1 094 400
Munisipale kostes	R 141 549	R 142 000	0.3%		R 158 000
Finansiële kommissie	R 298 884	R 273 600	-9.2%	7	R 288 500
Administrasie	R 121 280	R 91 300	-32.8%	8	R 121 000
Bedieningskommissie	-R 45 667	R 20 000	328.3%	9	-R 1 400
Katkisasie kommissie	R 47 521	R 49 000	3.0%		R 45 000
Evangelisasie	R 448 907	R 450 000	0.2%		R 483 000
Instandhouding	R 149 410	R 130 000	-14.9%	10	R 130 000
Jeugaktiwiteite	R 11 168	R 25 000	55.3%		R 25 000
Ander	R 161 007	R 126 000	-27.8%	11	R 141 000
TOTAAL	R 5 776 857	R 5 737 950	-0.7%	12	R 6 109 770

INKOMSTE BO UITGAWES	R 37 409	-R 262 950		12	-R 309 770
-----------------------------	-----------------	-------------------	--	-----------	-------------------

Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Isak Heath het toetse ondergaan (B21—082 407 3315).
- Roelof Venter het toetse ondergaan (A15—076 703 3259).
- Letitia Jonker ondergaan toetse (A10—073 143 8967).
- Meelewing word betuig met Gerrie Smit en familie na die afsterwe en begrafnis van Rita gedurende die week.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra



Vergaderings

- 27 Feb—Ouderlingtoerusting 19:00

Beroepenuus

BEROPEE ONTVANG

Proponent G Janse van Rensburg (Gerhard) na Durban-Noord



Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo Afstandsonderig



*Kollektes word nog steeds in
banke/deure opgeneem vir
diegene wat nie Zapper
gebruik nie*



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustentasie

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discovery.mail.co.za

Dependable maintenance for any maintenance work and renovating. Free quotes. Hennie vd Walt hj2vdwalt@gmail.com/082 927 4326.

Pilatesklasse in Zwartkop—Om liggaamshouding te verbeter, fiks te word of soepel te bly. Elmé Fabricius 060 994 8023/www.pilatescore.co.za vir meer inligting.

Oorweeg u om u huis te verkoop? PF Wolmarans Prokureurs bied die volle eiendomsbemarking aan onder 3% Dot Com Eiendomme. Ek is ook 'n oordrag prokureur. Pieter Wolmarans 083 949 8899

Enkel tuinwoonstel te huur Lyttelton/Kloofsig R4 500 pm + R600 elek. S/k, woonvertrek met oopplankombuis en bk. Motorafdak beskikbaar. Dep R5100. Sophié Kruger 072 803 4057.

Gesoek—Klein tuinwoonstel vir jong werkende damestudent. Centurion omgewing Marlize Middleton 074 894 8234.

TOPIA Saambid

- en Kuiergeleentheid

Jy word hartlik uitgenooi na 'n TOPIA saambid - en kuiergeleentheid. Ons gaan terugvoer gee oor wat by TOPIA gebeur. Daarna gaan ons saam die Here dank en voorbidding doen. Ons wil ook saam kuier en iets saam drink en eet. Bring asseblief 'n bordjie eetgoed. Laat weet asseblief vir Lizanne Aucamp of ons jou daar kan verwag.

Waar: GK Meyerspark

Wanneer: Vrydag 1 Maart 2018

Hoe laat: 19:00

Kontak: Lizanne Aucamp by 084 555 1890

Aansoek word ingewag vir die pos as **ORRELIS by GK PRETORIA-ANLIN** (Pos onmiddellik beskikbaar)

Kontak Cobie by die kerkkantoor
012 567 1492

CV na: kerkkantoor@annlin.co.za

TOERUSTINGSGELEENTHEID

Alle ouderlinge, diensgroepleiers en almal wat belangstel, word uitgenooi na 'n baie belangrike toerustingsgeleentheid op:

Saterdag 2 Maart

08:30 tot 12:30

te GK Pretoria-Anlin

Die geleentheid wil ons bekend stel aan 'n wonderlike bediening wat elkeen van **ons sal toerus om mense wat worstel met enige verslawings of met 'n attraksie na persone van dieselfde geslag**, met vrug te kan help en te begelei na die vervullende lewe in Christus Jesus

Kerkkantoor—012 567 1492

Dumisani Teologiese Instituut en Bybelskool

is geleë in King William's Town, Oos-Kaap, en is ongeveer 40 minute vanaf Oos-Londen. Gemiddelde aantal jaarlikse inskrywings is tussen 50 en 60 studente, waarvan die meeste "in die bediening" is, maar nog nooit formeel by 'n teologiese instelling gestudeer het nie.

Die bande tussen die GKSA en Dumisani Teologiese Instituut en Bybelskool gaan terug na die beplanningfase van die middel van die 1970's en tot die werklike opening van die Bybelskool in 1979. Dumisani wil hul bande en kontakte hernu wanneer hulle hul 40ste bestaansjaar vier.

Hier is 'n paar spesifieke maniere waarop die GKSA en Dumisani graag saamwerk:

1. Dumisani verwelkom besoekende dosente / professore van die TSP, asook GKSA-predikante en GKSA-emeriti.
2. Hulle verwelkom 'n paartjie of 'n individu wat administrasie of biblioteekwerk wil doen.
3. Dumisani verwelkom deurlopende skenkings van goeie teologiese boeke aan hul Biblioteek en studenteliggamle.
4. 'n Boek is in opdrag van hul 40ste verjaarsdag gepubliseer, naamlik *Voices of Thanksgiving, Dumisani 1979-2019*.

Die kuratore versoek kerke om vir die personeel van Dumisani en die werk en opleiding wat deur hierdie Instituut gedoen word, te bid.



VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

24-Feb	Susan	du Plessis	C01	072 124 1076
	Anna	Erasmus	A10	084 405 4476
	Johan	Hoogenboezem	A03	083 296 2360
	Esias	Jordaan	A14	654 7952
	Pieter	Wolmarans	C14	083 949 8899
26-Feb	Mandi	Groenewald	C10	082 667 3856
	Ciska	Zaayman	C10	072 732 7233
27-Feb	Marlize	de Bruin	A02	072 280 9831
	Niel	Erasmus	C06	084 440 1299
	Jan	Henning	A10	082 415 1144
	Karen	Kornet	A04	082 229 3845
	Terblanche	Kruger	A02	082 498 7966
	Anna	Sekhu	E01	076 758 7843
	Esmarie	vd Bergh	C07	076 630 9957
28-Feb	Izaak	Brands	B19	084 716 0489
	Marine	du Plessis	A14	083 358 5298
	Reinette	Mc Cabe	B06	083 381 3581
	Erna	Olivier	C11	082 332 2118
	Theo	Westervelt	C09	082 411 8946
1 Mrt	Anja	Prinsloo	B08	084 881 4321
2 Mrt	Jannet	Gildenhuys	C13	082 921 5614
	Zanie	Kruger	A09	082 081 1030
	Tisha	Lubbe	A09	084 514 6317
	Riëtha	Maritz	C06	072 008 3258
	Rina	Mc Cabe	B19	084 516 6677
	Piet	Mosca	C08	082 552 6886
	Rupert	Prinsloo	B04	653 0251
	Jacques	Tredoux	B15	083 630 0944
	Hettie	vd Walt	C01	083 660 7888
	Anel	vd Walt	E01	082 567 3643
	Carien	Venter	A15	073 262 1356



DOOPLIDMATE

24-Feb	Zak	Nel	C12	663 3443
	Dianè	Rheeders	B06	082 256 6028
25-Feb	Herman	Reinecke	A12	082 375 0092

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



24-Feb	B18	Susters van wyk
	B19	Susters van wyk
	B20	Hannelie Grobler
	B21	Eldo Aftree-oord
	C13	Tia Grünenfelder
3 Mrt	C02	Lené van der Walt
	C03	Elmarie van der Walt
	C04	Leandre Struwig
	C11	Erna Olivier



Projek 355

Baie dankie vir die oorweldigende reaksie op ons versoeke vir musse vir die skoolkinders van Steynsburg.

Ons benodig 355 musse om vir elke kind 'n warm mus vir die winter te gee. Sover het ons 72 musse ontvang – baie dankie.

As jy nie 'n maroen mus kan brei nie, kan maroen musse aangekoop word of 'n skenking kan gemaak word vir die aankoop van musse. Skenkings kan in die Susters se rekening inbetaal word – verwysing Musse. Die sluitingsdatum vir die projek is Sondag, 21 April.

Groete, Sustersbestuur

26-Feb	Adriaan	vd Westhuizen	C15	076 780 5711
27-Feb	Lisa	van Jaarsveld	B03	084 626 2425
28-Feb	Erica	Human	A03	073 519 5594
1 Mrt	Marne	du Plessis	B10	082 998 9000
	Stefan	van der Bijl	A12	348 3144
2 Mrt	Cilliers	Erasmus	C09	082 883 3346
	Herman	Prinsloo	B08	083 408 6892
	Corlise	Strydom	B15	082 563 4960



GKA Kinderaksie (Gr R– Gr 7) by FLIPOUT

Datum: **4 Mei**

Tyd: 15:00 tot 16:00

Kostes: R60 per kind (Normale prys by die deur is R125).

Dui asb aan as jy nie FLIPOUT SOKKIES HET NIE.

Eet en drink: Daar is 'n restaurant waar items gekoop kan word – eie rekening asb.

BEPERKTE PLEKKE VAN 30

Skrif jou naam op die lys en **BETAAL teen 24 MAART** onder die olyfboom. Bring asb die korrekte gelde. As julle dit wil bywoon, en nie die finansies het nie, kontak ons asb.

Kontak Christi Venter by 0829401555 of Tia Grünenfelder by 0790877564 vir meer inligting.



Geestelike Opbou

Vanaand na afloop van die aanddiens kom Marna Horn met ons gesels oor

orgaanskenking

Almal is welkom!


Senior Aksie

Maandag, 4 Maart 2019

om 10:00 in die saal

Die tema is “**Ken jy jou idioome?**”

Kennis gaan getoets word met blokkiesraaisels.



Maar hier is die pret gedeelte. **Trek so aan dat jy 'n idioom kan voorstel.** Daar sal moet geraai word watter idioom jy voorstel.

Kom geniet die oggend saam met ons.

Albie Venter

KAAS EN WYN 1 MAART 2019



Broeders en Susters

Na verlede week se plasing, het daar nog meer vrae ontstaan. So, ek herhaal die berig van verlede week, maar voeg ook 'n paar dinge by.

Vordering wat sover gemaak is:

1. Die eerste klompie wyn het gearriveer.
2. Die kase, brode, vleis, vrugte en ander eetgoed is gereël.

Dit lyk my daar is 'n persepsie dat ons op hierdie funksie net gaan kaas eet en wyn drink (wat natuurlik nie heeltemal verkeerd is nie...) maar ek wil u verseker dat daar meer is wat beplan word. Ek verskaf graag die volgende inligting:

3. Wat is die doel van hierdie funksie?
 - Om lekker saam te kuier en te meng met gelowiges wie ons dalk nie eers ken nie. Onthou: 'n vreemdeling is 'n vriend wie jy nog nie ontmoet het nie....
4. Waarvoor gaan die fondse wat geïen word?
 - Wel, eerstens moet al die uitgawes van hierdie funksie gedeg word.
 - Ons moet geld bymekaarmaak om die ander funksies wat vir die jaar beplan word, te finansier.
 - Intussen is daar ook ander projekte wat nog DV hierdie jaar afgehandel moet word.
5. Wyn van verskeie plase gaan bedien word: Rooiwyn, Witwyn, Droëwyn, Natwyn (??)
6. Verskeie tipe kase gaan opgedis word.
7. Daar is ook 'n verrassingstafel wat iets anders te drinke gaan aanbied – u sal maar moet kom kyk wat dit is... Al wat ek wel kan uitlap is dat dit plaaslik gebrou word (...ek is seker daar is 'n beter woord ... gelukkig is dit nie 'verbrou' nie... ☺) deur mense uit ons eie geleedere....
8. Vir diegene wat nie alkoholiese drankies gebruik, gaan ons verskeie nie-alkoholiese drankies aanbied. So, u is nie uitgesluit nie.
9. Omdat sommige van u direk van u werkplek hierheen gaan kom, is daar baie te ete: Kaas, Brode, Vleiserigheid, Vrugte en nog vele om die hol-kolle behoorlik toe te maak.
10. Die kinders is ook op die gastelys. Vrugtesappe en ander lekkernye sal vir hulle beskikbaar wees. Selfs die kleuters en peuters is welkom - Elsabé sorg dat daar 'n plekkie vir hulle ook is... Bo-en-behalwe die te-ete en te-dinke, gaan 'n paar kunstenaars u vermaak. Sommige ook vanuit ons eie geleedere.
11. U moet ook maar 'n vol beursie saambring en gereed wees vir 'n wynveiling.
12. U sal ook wyn en van die plaaslike gebroude voggies kan koop.

O ja, u moet onthou om u kaartjie saam te bring, want met daardie kaartjie kwalifiseer u vir een gratis koppie koffie of tee of cappuccino; en as u nog wil hê, is dit te koop vir u eie rekening. Ons sê baie dankie aan Br Cobus de la Porte vir sy bydrae hier.

Soos Bles Bridges gesing het: *Dit word 'n aandjie om nooit te vergeet nie!...*

Maak seker dat jy nie hierdie aand misloop nie! Koop jou kaartjies elke Sondag na die Erediens op die stoep voor die kantoor en kom geniet die aand saam met ons. U kan kontant of per EFT betaal. Al die besonderhede is by die tafel op die stoep beskikbaar.

Help ons om hierdie aand 'n sukses te maak, Koinonia te bevorder en alles tot Eer van onse Vader te doen.

Kaasgroete—Tjaart en span